

# 24

## GOD HET ONS ALMAL GEMAAK

### *Persoonlikhede verskil*

#### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet ons is almal verskillend sonder dat een noodwendig reg en die ander verkeerd is.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis.**

Die kinders moet weet –

- ons verskil, want ons is verskillend gemaak;
- daar is verskillende voorbeelde in die Bybel: Moses, Petrus, Paulus; en
- mense het ook verskillende voorkeure wat spiritualiteit aanbetref.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet meer verdraagsaam wees teenoor mense wat anders as hulleself optree en ander voorkeure het.

##### **Vaardigheid**

Die kinders is in staat om verskillende persoonlikhede uit te wys.

#### **MEER INLIGTING**

Daar is hoofsaaklik vier verskillende dimensies waarna ons moet kyk:

- Waar kom iemand se energie vandaan?

*Ons kan ons hoofsaaklik bepaal by twee uiterstes: introversie en ekstroversie. Dit werk so: 'n Introvert is 'n persoon wat van stiltes hou, alleentyd nodig het, en op hulle beste funksioneer in kleiner groepe. Mense beskou introverte dikwels verkeerdelik as dat hulle hoogmoedig is, of skaam. Dit gaan egter daaroor dat hulle energie kom uit tye van*

alleenwees. Ekstroverte, aan die ander kant, is mens-mense. Hulle wil graag tussen ander wees, hulle gesels maklik, en dit is nie vir hulle lekker om alleen te wees nie. Hulle raak moeg wanneer hulle alleen is. Dikwels beskou mense ekstroverte as luidrugtig, onbeskof of spraaksaam.

- Hoe versamel iemand inligting?

Sommige mense neem die beste waar deur hulle sintuie: Hulle ruik, proe en voel aan alles. Hierdie mense is gewoonlik baie logies, en kan beskryf word as detailmense. Hulle is realisties en prakties. Aan die ander kant is daar weer mense wie se aanvoeling baie sterk ontwikkel is. Hulle gebruik hulle verbeelding, en feite is nie vir hulle so belangrik nie. Hulle is die dromers van die wêreld.

- Op grond waarvan neem iemand besluite?

Sommige mense dink baie logies. Hulle analiseer alles, en wil graag feite hê. Hulle is gewoonlik goeie dokters, of persone wat probleme kan oplos omdat hulle goed kan analiseer. Ander weer, is meer geneig om waardes hoër te ag as feite. Hulle sal 'n roerende versoek emosioneel aanhoor, en alles in hulle vermoë doen om mense se lewens beter te maak. Hulle is die omgeemense. Dit beteken nie dat die ander nie omgee nie, maar net dat hierdie mense nie veel erg het aan logika of feite nie.

- Watter soort leefstyl verkies iemand?

Sommige mense kan uitmuntend beplan, en hulle hou daarvan om in beheer te wees van situasies. Hulle is gewoonlik goed voorberei vir enige situasie. Ander weer, is baie makliker aanpasbaar, en verstaan wanneer dinge nie altyd perfek uitwerk nie. Hulle neem dinge waar en is nogal ingestel op mense. Daar is 'n veelheid van persoonlikheidtoetse waar jy mense se profiele kan laat trek en meer van mense en hulle gedrag te wete kan kom. Dit is baie belangrik om te weet dat daar nie so iets bestaan soos 'n ideale persoonlikheid nie.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met Psalm 139: 13-16 as gebed:

Ons Vader in die hemel,  
<sup>13</sup>U het my gevorm,  
my aanmekeargeweef  
in die skoot van my moeder.  
<sup>14</sup>Ek wil U loof,  
want U het my  
op 'n wonderbaarlike wyse geskep.  
Wat U gedoen het,  
vervul my met verwondering.

*Dit weet ek seker:*

<sup>15</sup>*geen been van my was vir U verborge*

*toe ek gevorm is*

*waar niemand dit kon sien nie,*

*toe ek aanmekaargeweef is*

*diep in die moederskoot.*

<sup>16</sup>*U het my al gesien*

*toe ek nog ongebore was,*

*al my lewensdae was in u boek*

*opgeskrywe*

*nog voordat ek gebore is. Amen.*

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Laat 'n paar kinders vertel wat hulle oor geweld in die koerant gelees het. Watter tipe oplossings doen hulle aan die hand?
- Laat die kinders vertel van watter geweld hulle in Matteus 27: 32-44 gelees het.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Waarom is dit belangrik om meer van jou en ander se persoonlikhede te weet? *Want om te weet, is om te verstaan!*

- Dit gaan nie oor reg en verkeerd nie.
- Elke mens het 'n bepaalde voorkeur.
- Sommige hou van oefening, en ander is versot op musiek.
- Hoe beter ons mekaar se voorkeure verstaan, hoe minder konflik sal daar wees!

## **IETS INTERESSANT**

Maak 'n bondige opsomming van MEER INLIGTING hierbo en dra dit oor.

## **IETS BELANGRIK**

- Dit maak nie saak watter persoonlikheidsvoorkeur 'n mens het nie, jy moet voortdurend daarna streef om jou persoonlikheidsvoorkeure so uit te leef dat jy nie mense –
  - onnodig te na kom nie; of
  - veroordeel omdat hulle anders dink nie.
- Ons persoonlikheid is deel van ons menswees. Ons moet wel daarna streef dat ons keuses inpas by wat vir God aanvaarbaar is.
- Lees 1 Korintiërs 12: 14-20. Hierdie gedeelte beklemtoon dat in 'n gemeente elkeen, soos in 'n mens se liggaam, 'n eie plek en doel het. 'n Mens sou ook kon sê dat hierdie gedeelte iets oor elkeen se persoonlikheid te sê het.
- Lidmate se gawes verskil van mekaar, so ook hulle persoonlikhede. Die hele liggaam werk saam tot voordeel van die groter geheel. Met ander woorde:
  - Ons is almal uniek geskape.
  - Ons het nie almal dieselfde persoonlikhede nie.
  - Mense mag van mekaar verskil.
  - Solank jy die wil van die Here gehoorsaam, mag jy maar uniek wees.

- 1 Korintiërs 12 sê baie mooi dat soos die liggaamsdele van 'n mens van mekaar verskil, so verskil ons as mense ook van mekaar. Maar ten spyte van die verskille is almal nodig, anders kan die liggaam nie funksioneer nie.
- Niemand, niemand is belangriker as jy nie, en jy ook nie as ander nie.

### **IETS OM TE DOEN**

- Laat die kinders in hulle boeke 'n prent teken van hulleself waarin hulle hulle unieke karaktertrekke uitbeeld.
- Laat hulle twee-twee bymekaar sit, hulle boeke omruil en die een vir die ander een vertel watter karaktereenskappe in die prent gesien kan word.

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

Laat hulle nadink oor elke persoon wat vir hulle belangrik is. Laat hulle neerskryf watter persoonlike kwaliteit(e) dit in daardie persoon is wat hulle opval.

### **AFSLUITING**

Sluit af met Gesang 514: 1 en 'n gebed.

*Ek weet vir seker: Jesus is Heer –  
Hy het my sonde uit liefde vergeef.  
Ek was verlore, maar is gevind;  
nou het ek vrede – ek is Gods kind.*

*Hy is my leidsman – Hy laat my leef.  
Hy is oorwinnaar – Hy is die Heer.  
Uit sy genade, liefde en trou,  
weet ons hoe God sy kinders behou.*